Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

AFDRAAIPAD

Musiek: Christa Steyn
Teks: Jannie du Toit

Pa, sê vir my - hoe ver moet ons nog ry?

'n Bakkie ry op die sinkplaatpad, Malie en haar pa
Die sterk man wat haar hand kan vat,
Haar lyfie ver kan dra
Sukkel teen die opdraand uit, die enjin dreun tot bo
Soek na daardie afdraaipad, die pad waarin ons glo

Pa, pa sê vir my: hoe ver moet ons nog ry

Wanneer kom die afdraaipad, die afdraaipad na Hoopstad
Êrens het ons stilgehou, in koelte sit en droom
Koffietjies gedrink en brood geëet,
Die Ford het staan en stoom

Pa, pa sê vir my: hoe ver moet ons nog ry

Wanneer kom die afdraaipad die afdraai na jou Hoopstad
Skemer op die bergkruinpad was ek en pa verdwaal
Die bordjies was dalk skeef gedraai,
Hoe gaan ons Hoopstad haal?

Aandster, sê vir my wanneer gaan ons Vrede kry
Wanneer kom die afdraaipad, die afdraaipad na Hoopstad

Pa, pa sê vir my, hoe ver moet ons nog ry

Hoe ver nog na die afdraaipad, die afdraaipad na Hoopstad
Donker op die kronkelpad, die bakkie het gaan staan
Pa soek na die Suiderkruis, ek en pa loop saam